22 Mei | NG Gemeente Kogelberg | 2026

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 24 MEI 2026 SE EREDIENSTE:

**09:00**

**Hangklipkerk**

Dr Stephan Naudé

1 Korintiërs 12:3b-13

**09:00**

**Kleinmondkerk**

Ds Heinrich Carstens

1 Korintiërs 12:3b-13

LIG | DEERNIS | HOOP

# Die Heilige Gees vorm ons lewe

Pinkster 2026 – NG Gemeente Kogelberg



**Pinksterfeesnagmaal**

Sondag 24 Mei 2026

## Ons lewe… 'n fees vir die Gees

1 Korintiërs 12:4-13

09:00 @ Kleinmondkerk, Vierdelaan 67, Kleinmond – Heinrich Carstens

09:00 @ Hangklipkerk, Pillansiaweg 2, Bettysbaai – Stephan Naudé

LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond






# NUWE INTREKKERS

**Tristan Franck Erasmus (dooplidmaat)** van Verwoerdburgpark **(PM5)**

**Sanet Brand** van Heidelberg-Gauteng **(Sb2)**

*welkom*

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.
Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

# CARITAS

LIEFDESDIENS • BEMOEDIG • ONDERSTEUN • HOOP

## *Spesiale* KOSINSAMELING

**24 MEI**

TYDENS DIE *Pinksternagmaal*

**PRODUKTE WAT BENODIG WORD:**



**BLIKKIES TUNA**



**BLIKKIES BULLY BEEF**




**LANGLEWEMELK 1 LITER**




**RICOFFY 250g**



**SUIKER 1kg**




**WEETBIX 450g**



**PASTA 500g**




**PAKKIES SOP**



**PASTA 500g**

*Baie dankie vir elke bydrae!*

# Program vir die week

**24 - 31 Mei 2026**

## Sondag 24 Mei

***17:00*** ***Kogelberg Kids***
*(Kerksaal)*

## Maandag 25 Mei

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 26 Mei

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep
***11:30*** Gerimed Biduur
***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep
***17:00*** Finansies

## Woensdag 27 Mei

***09:00*** Kerkraad (TYD-kuierruimte)
***17:00*** Dissipelskapsreis (Hangklipkerk)
***18:00*** Rusplek (Kapel)
***18:30*** Dissipelskapsreis (Kleinmondkerk)

## Donderdag 28 Mei

***06:00*** Hangklip Mannegroep
***06:30*** Kogelberg Mannegroep (TYD)
***09:00*** Caritas Projek
***10:00*** Kerkkantoor in Hangklip

## Vrydag 29 Mei - Sondag 31 Mei

Begeleidingspan Retriate




Dinsdag




Woensdag

Woensdag



Donderdag




Caritas




Vrydag tot Sondag



Weeklikse

Gebedsgroepe







Dissipelskap

# Mannebediening



# Lidmate wat voorbidding nodig het...

Louw Hickley (PM2)

Amanda Kotzé (Bb3)



***Surgery went well. Amanda is 'n yster, feeling good, still a bit drowsy, but zero pain 💪 Following up with Dr Lehmann is a month or so. She'll be discharged tomorrow morning.***

Spesiale voorbidding vir al die gebedsversoeke wat ingekom het tydens Pinksterweek!

*Liewe Hesta Smit,*

*Die lidmate van NG Kogelberg en veral van Kleinmondkerk wil vir jou dankie sê vir jou jarelange betrokkenhied by die gemeente. Jy is deel van ons gemeente en ons is jou familie. Ons weet jy gaan verhuis uit Kleinmond na Riviersonderend en ons wil jou wegstuur met hartswense van seën en toegeneëntheid.*

*In die gemeente het jy 'n leidende rol gespeel by die Gebedsbediening. Jy het die gawe van gebed. Jou eerste impuls is om dadelik te sê: "Ons moet bid daaroor." Jy het tydens ons byeenkomste vir ons gelei om stil te word voor die Here en Sy teenwoordigheid doelbewus in te roep in ons bewussyn met die sinsnede wat ons oor-en-oor herhaal het: "Laat ons stil wees en op God vertrou".*

*Jy het op Saterdae saam met die VGK vroue vergader sedert die jaar 2000. Vandag is daardie groep se naam "Agapé" en die groep gaan van krag tot krag. Jy het die Arbeidsbediening in Kleinmond bestuur sedert 2010,. Jy was sag en onverskrokke in jou werwing van helpers vir hierdie uitreik na die skakegemeenskap se werknemers. Daar was tot en met jou uittrede 13 plus sakeondernemings en die Polisiestasie wat bedien was.*

*Jy het nuwe intrekkers gaan besoek, blomme as geskenk saam geneem en hulle by hul huise welkom gaan heet. So het jy jou kontakte opgespoor vir dienswerk waarby hulle later ingeskakel het.*

*Jou betrokkenheid by die CSV as rondreisende sekretaresse het jou 'n huishoudelike naam in die Wes Kaap gemaak. Vandag is daardie skoliere wat jy bedien het al grootouers van kleinkinders. Hulle herken jou en glimlag as hulle jou weer raakloop want dan onthou hulle die goeie tye saam met jou.*



*Jy was betrokke by die Standdienskampe waarvoor Kleinmond bekend geword het. Jy ken die naam van die verskillende rotspunte langs die strand en het daar gesit en voorberei vir jou boodskappe aan die leiers.*

*Jy het ook gedien op die voorbiddingspan van Hannelie Rupert-Koeglenberg.*
*Jy is ons ikoon Hesta. Ons steek ons hande uit na jou met seënbede en liefdevolle herinneringe.*

*NG Kogelberg Gebedsbediening 31 Mei 2026*

## SINKGATPROBLEEM BY HANGKLIPKERK KRY AANDAG

Fanie Krige

Terwyl die Pinksterdiens Woensdagaand by die Hangklipkerk aan die gang was het ds Heinrich Carstens gemeentelede bewus gemaak van die teenwoordigheid van die Heilige Gees oral rondom ons, soos die geluide van toerusting, soos die gebou se invertor. Onder die geluide was die van die munisipale span wat by die ingang na die tweede parkeerterrein besig was om 'n stormwaterpyp te vervang.

Hulle moes selfs van 'n laaigraaf gebruik maak want die stormwaterpyp was diep onder die grond. 'n Vragmotor met grond om mee op te vul, was ook byderhand.

Een van die operateurs het my vertel dat hulle agtergekom het dat daar 'n probleem was met die stormwaterpyp nadat die kerk hulle gerreeld gevra het om 'n sinkgat te kom toegooi. Die ou 300mm sementpype ( waarin groot gate ingeval het, is nou met 450 mm HDE pyp vervang.

Baie dankie daarvoor, Overstrand!







Kogelberg se Getuienis

# DIE TYD VIR DIE SENDINGSTAP IS NOU HIER!
# SATERDAG 23 MEI 2026 OM 8:30



Die gereedmaking vir die staptog is nou in sy laaste oomblikke – daar waar 'n span alles moet uithaal!

Daar word gestap om geld in te samel vir ons gemeente se sendelinge. Laaste inskrywings kan nog tot Saterdagoggend gedoen word.

Ons is baie dankbaar teenoor Bloubakkie wat vrugte geskenk het dat almal by die halfpadmerk 'n versnapering kan geniet.

Die roetes wat gestap word is soos volg:

Kleinmond: Die 2 roetes begin albei by die parkeerarea oorkant die hoek van Kusweg en Derdestraat. Die een is 4 km lank (tot by die hawe en terug), die tweede een 6 km (tot by die drie kruise en terug).

Die Hangklip-roetes is 5 km lank: In Bettysbaai van die Stony Point-pikkewyne (die parkeerplek) tot by die hoofstrand en terug. In Pringlebaai van die parkeerplek aan die onderpunt van Puntweg na die hoofstrand en terug.

Tyd: 8:30 Wanneer almal gereed is, begin die stap.

Wat nodig is: Gemaklike stapskoene, 'n hoed en 'n trui, water en 'n leiriem (as jy jou hond saambring!).

Die borgvorms met borge se name en die bedrae wat gegee word, word by die beginpunt ingelewer, of agterna by die kerkkantoor inbetaal. (Navrae: Annetjie Strever 082 212 3146, Esther Pretorius 082 786 3100)

# Potjiekosmakers, maak gereed

KLEINMOND – Die gewilde potjiekoskompetisie vorm vanjaar weer deel van die Warm-Wintermark, en bobaaspotmakers kan solank hul driepootpotte, platboompotte regskuif en beplanning doen vir Saterdag 27 Junie in die Kerksaal.

Meer besonderhede volg binnekort oor wat die pryse is en die volledige reëls. Vyf pryse is op die spel: vir elk van die beste drie potte, vir die beste tema en vir die beste spangees.
Geen inskrywingsgelde word gevra nie, maar die verkope van die kos is ten bate van die NG Kerk Kogelberg.

Verlede jaar se deelnemers word aangemoedig om weer deel te neem, maar met soveel nuwe gesigte in die dorp behoort daar vars kompetisie te wees. Plek is egter beperk. Belangstellendes kan intussen die kantoor van die NG gemeente Kogelberg by 076 134 7157 kontak om hul plek te bespreek of belangstelling te toon... of dalk pryse aan te bied.



# KOGELBERG

## Warm-wintermark

**NG Kerksaal - Kleinmond | 25 - 27 Junie 2026**

## Kogelberg Warm-wintermark

NG Gemeente Kogelberg bied die jaar die Warm-wintermark aan. Ons het vrywilligers nodig by die volgende stalletjies:

- Kerrie & rys
- Hamburgers
- Lewerkoekies
- Basaarpoeding
- Sosaties
- Sop-en-broodtafel
- Wit Olifante
- Boeke
- Plante
- Omgee-boetiek
- Terreinspan
- Administrasie & betalings

**25-27 Junie**

**Gee jou naam op by die organiseerders of by die Kerkkantoor.**

**Lys met name van onrganiseerders beskikbaar in die Eerste Gelui.**







Vroue bediening 2026

2 Junie 11:30. Oop gesels , kuier en beplan


14 Junie 17:00 Vroue en Eko sop en fliek

8 Augustus Vrouedag: wildtuinstories (Sally)

24 September Erfenisdag (Joke)

..Oktober: Sip en verf (Sandra)

....November: koek & piekniek









# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA


Groei in geloof... Oefen as een span
Vir alle kinders en gesinne
Sondag 24 Mei
om 17:00
Behoort
Aanbid
Leer
Dien


Jong werkendes
FLIEKAAND
Kom ontspan en geniet warm sjokolade en 'n bakkie popcorn saam met ons.
5 Junie 2026
18:30 vir 19:00
Hangklipkerk
BRING N VRIEND SAAM
Kontak gerus vir Carli Swart (083 928 5465) indien jy enige navrae het.
SAVE THE DATE!


NG/VG Kerkraadskakeling
Byeenkoms skuif na Donderdag 18 Junie

# Gemeenskaps-DAGBOEK








Oggenddiens
NG Kleinmond- + Kuierkerk
Die Gees vorm ons lewe
Ds Piet Botha
Sondagoggend 17 Mei 2026 9h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan















Oggenddiens
NG Hangklip
Die Gees vorm ons lewe
Ds Heinrich Carstens
Sondagoggend 17 Mei 2026 9h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan






Draers van Sy Lig







Pinksterdiens
NG Kleinmond- + Kuierkerk
Die Gees laat leef ons deernisvol
Ds Heinrich Carstens
Maandagoggend 18 Mei 2026 9h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan












Liefde








Pinksterdiens
NG Hangklip
Die Gees laat leef ons doelgerig
Ds Heinrich Carstens
Woensdagaand 20 Mei 2026 18h00
Met liefde gemaak deur die mediaspan
















Jesus is die Weg


Jesus is die Weg

# Veels Geluk!

## Saterdag 23 Mei

Cecile Cox 083 302 2773 (Sb2)
Ettiene de Wet 076 818 2421 (BB1b)
Suzie Greeff 082 261 8764 (PM3)
Johan Hendrikz 082 908 0745 (Sb4)
Chris Opperman 071 790 5775 (Sa1)
Jean Volschenk 083 321 6429 (BB6)

## Sondag 24 Mei

Frida Bekker 072 261 8006 (Sa2)
Esther Pretorius 082 786 3100 (PB1)
Sarie Pretorius 072 508 2609 (PM1)
Lizette Stander (BB6)
Lauwrens Steyn (Sa1)
Coenie Strydom 076 580 4146 (KB5)
Bennie van As 083 306 0600 (Sb3)

## Maandag 25 Mei

Tilla Boonzaaier (Ba1b)
Estelle Cronje 082 774 8349 (Sb3)
Reinhold du Randt 082 570 9178 (HK3)
Hettie Labuschagne 082 769 4961 (KB4)
Talita Meyer 084 702 8344 (BB2)
Hannes Smit 084 549 3729 (HK3)
Cas Steinman 071 672 2271 (KB1)
Debbie von Wielligh 074 582 6522 (Bb2)

## Dinsdag 26 Mei

Bertus Burger 082 416 9815 (PB1)
Michelle Singleton (Bb2)
Edrich Van Wyk 082 872 0077 (Bb2)

## Woensdag 27 Mei

Marieta Barry 084 208 4168 (Ba2)
Bertie Gerber 082 957 3150 (Ba3)
Leandi Giani 084 588 6661 (Sb4)
Roelien van Altena 084 514 2389 (Sa1)
Leonie Verster 083 326 6185 (Sa4)

## Donderdag 28 Mei

Hugo Froneman (Bb4)
Dolf Nel 082 624 9637 (BB4)
Yvette O`Connell 082 895 7948 (KB4)
Willem Theron 083 454 8496 (KB2)
Johan Visser 084 700 2314 (Sc1)

## Vrydag 29 Mei

Hannes Nel 072 141 4162 (BB1b)
Tania Olivier (Sa3)
Julia Van Leeuwen 082 805 3850 (BB5)
Willemien van Rooyen (KB5)